higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

(8021023)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

336Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

Let wel: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord EEN van die twee vrae in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat ’n reël oop en trek ’n streep oor die bladsy ná elke voltooide vraag.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ’n Persoon of ’n groep mense wat persoonlik ’n inbreker straf, eerder as om op die regstelsel staat te maak:

A Seksisme
B Klassisme
C Vigilantisme
D Rassisme

1.2 Die een of ander vorm van vergelding vir ’n handeling of gedrag staan bekend as …

A bevoordelende terugbetaling.
B weerwraak.
C vooroordeel.
D Al die bostaande.

1.3 Alles wat ons daagliks doen of waaraan ons dikwels as deel van ons lewenstyl deelneem, staan bekend as …

A lewenstyl.
B roetineaktiwiteite.
C daaglikse basis.
D Al die bostaande.

1.4 Voorvalle waar mense meer as een keer in ’n beperkte periode deur misdadigers geviktimiseer word:

A Herhalende viktimisering
B Slagofferblamering
C Risikofaktore
D Viktimisering

1.5 Organisasies wat in ’n gemeenskap geleë is en wat dienste aan die gemeenskap lewer, byvoorbeeld kerke:

A Gemeenskapgebaseerde organisasies
B Formele groepe
C Informele groepe
D Nieregeringsorganisasies

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur ’n item uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

primêre misdaadslagoffers; roetineaktiwiteitebenadering; KRIMSA; sielkundige versteuring; misdaadslagoffers; riskante lewenstyl; viktimiseringsopnames; aangetekende inligting; fisieke trauma; misdadige gedrag

2.1 Kriminologie kan gedefinieer word as ’n wetenskaplike studie van misdaad en ... in die samelewing.

2.2 ... het ’n gedragskode vir kriminoloë en viktimoloë saamgestel.

2.3 Die doel van die ... is om aan te dui aan wie, waarom en hoe.

2.4 Misdaad het die vernietigendste impak op die ... omdat hulle die regstreekse misdaadslagoffers is.

2.5 Posttraumatiese stresversteuring (PTSV) is ’n erkende ...

2.6 ... ervaar dikwels woede weens hul viktimisering.

2.7 ... dui daarop dat geskeide mans en vroue en diegene wat nog nooit getroud was nie, meer dikwels as getroude mense geviktimiseer word.

2.8 Studies dui daarop dat aktiwiteite wat met daaglikse roetineaktiwiteite en ’n ... verband hou, tot ’n persoon se kwesbaarheid jeens viktimisering kan bydra.

2.9 Lawrence Cohen en Marcus Felson het ’n reeks referate oor die … gelewer.

2.10 Misdaadslagoffers beleef emosionele en/of ... as gevolg van hul viktimisering.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Al die mense wat in ongeveer dieselfde tydraamwerk gebore is	A	immigrasie
3.2	Georganiseerde handelinge wat spesifieke stappe volg	B	seksisme
3.3	Diskriminasie of vooroordeel op grond van sosiale of ekonomiese klas	C	klassisme
3.4	Om na ’n ander land te trek om jou permanent daar te vestig	D	sistematies
3.5	Diskriminasie teen vroue of mans as gevolg van hul geslag	E	generasie

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Biologie maak deel uit van die groep of dissiplines bekend as Sosiale of Geesteswetenskappe.

4.2 Een van die funksies van ’n kriminoloog is om assesseringsverslae te skryf.

4.3 Viktimologie is nie ’n studiegebied in kriminologie wat die wetenskaplike studie van misdaadslagoffers behels nie.

4.4 Elke persoon kan aan misdaadviktimisasie onderwerp word, maar sekere mense loop ’n groter risiko om misdaadslagoffers te word as gevolg van maatskaplike, kulturele, politieke of ekonomiese risikofaktore.

4.5 Die sukses van misdaadvoorkoming- en misdaadverminderingsinisiatiewe hang af van die akkuraatheid van ’n land se misdaadstatistiek.

4.6 Misdaadvoorkoming is enige inisiatief of beleid wat ten doel het om misdaad en viktimisering te verminder of uit te skakel.

4.7 Die konsep van misdaadvoorkoming is baie wyd en soms vaag. Misdaadvoorkoming en misdaadbeheer het albei ten doel om misdadige gedrag in die samelewing te voorkom en te verminder.

4.8 Individuele eienskappe van ’n persoon, soos hul ouderdom en geslag, het ’n invloed op hul lewenstyl.

4.9 Slagofferblamering isoleer dikwels slagoffers en maak dit vir hulle moeiliker om na vore te kom en misdade soos fisieke of seksuele mishandeling aan te meld.

4.10 Die inligting wat ’n kriminoloog insamel, word dikwels in ’n verslag aangebied.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Evalueer die skakel tussen lewenstyl en blootstelling aan situasies waar die risiko’s van viktimisering varieer. (5)

5.2 Noem VIER faktore wat tot bejaardes se kwesbaarheid bydra. (4)

5.3 Verduidelik die invloed van die persepsie van verkragting en huishoudelike geweld op die aanmelding van misdade. (5)

5.4 Verduidelik die toepaslike krimino-etiese metodes wat tydens die onderhoudvoeringsproses gebruik word. (5)

5.5 Definieer die woord *slagoffer.* (1)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Polisie lê beslag op byna 1 000 ammunisiepatrone wat in rusbanke in ’n Pretoria-woonstel versteek is.

Die polisie het by verskeie huise en woonstelle in Pretoria ingestorm en op twee wapenopslagplekke beslag gelê, insluitend 1 000 patrone en 15 gewere wat aan polisiebeamptes uitgereik is.

’n 28-jarige man is in hegtenis geneem en ses mense, insluitend twee vroue, is ingeneem vir ondervraging. Die operasie het op Saterdagaand begin nadat ’n polisie-informant inligting oor ’n beplande ammunisietransaksie ontvang het. ’n Polisiebron het gesê die aanvanklike transaksie het deur die mat geval toe die verdagte versuim het om by die ontmoetingsplek op te daag. ’n Woonstelblok is dopgehou. Toe die verdagte gewaar is, het beamptes ingegaan en op die ammunisie afgekom. Die ammunisie wat teruggekry is, was 9 mm- en R5-koeëls wat aan die SAPD uitgereik is. Volgens ’n private ondersoeker, Reiner Nel, wat die polisie gehelp het, het die beamptes ook plofstowwe en narkotika teruggevind.

’n Times Live-verslaggewer op die toneel het gesien hoe forensiese beamptes die tweede verdieping van ’n woonstelblok afsper, en by ’n tweede terrein het swaargewapende lede van die Nasionale Intervensie-eenheid ’n bouvallige huis bestorm. Dit is waar die gewere gevind is. Die bron het gesê dat beamptes tydens die deursoeking van die woonstel ammunisie gevind het wat in verskeie rusbanke versteek was. ‘Ons was op soek na vuurwapens, handgranate, koeëlvaste baadjies en ander polisietoerusting,’ het die bron gesê. Die polisiewoordvoerder, Kay Makhubele, het aan Times Live gesê dat hy bewus was van ’n operasie wat in Pretoria uitgevoer is, maar dat hy nie by magte was om besonderhede te gee nie.

[Bron: *Times Live, 23 Junie 2019*]

6.1 Wat is *misdaadvoorkoming*? (1)

6.2 Wie is in hegtenis geneem en wie is vir ondervraging ingeneem? (3)

6.3 Noem VIER dinge waarna die polisie volgens ’n bron op soek was. (4)

6.4 Noem die verskil tussen die volgende:

6.4.1 Misdaadvoorkoming

6.4.2 Misdaadbeheer

(2 × 1) (2)

6.5 Volgens ’n SAPD-woordvoerder het ’n operasie plaasgevind, maar was hy nie by magte om besonderhede te gee nie.

Noem geografiese beperkings op misdaadaanmelding. (6)

6.6 Wat is teruggekry toe die polisie verskeie huise en woonstelle in Pretoria bestorm het? (3)

6.7 Noem hoe slagoffergeoriënteerde dienste die herhaling van viktimisering kan verminder en voorkom. (8)

6.8 Noem DRIE daaglikse roetineaktiwiteite wat slagofferkwesbaarheid verhoog. (3)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord EEN van die twee vrae in AFDELING D.

VRAAG 7

Bespreek die onderskeie definisies van *misdaadvermindering*, *misdaadvoorkoming* en *misdaadbeheer.* **[20]**

OF

VRAAG 8

8.1 Verduidelik die verband tussen *sielkunde* en *kriminologie*. (10)

8.2 Bespreek die optekening en ontleding van getuienis en inligting op ’n krimino-etiese manier. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou